


b11542743
c.7



UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

C. R. SWART-LESING, NO. 1

**INTERNASIONALE VERHOUDINGE —
'N NORMATIEF-STRUKTURELE BENADERING**

deur

**FRANCOIS JAKOBUS HENDRIK WESSELS,
M.A., D.Phil., LL.B.**

**INTREEREDE GELEWER AS HOOGLERAAR
IN STAATSLEER AAN DIE
UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
OP 16 OKTOBER 1968.**

University Free State



34300004530709

Universiteit Vrystaat

BOODSKAP van die Rektor by geleentheid van die eerste

C. R. Swart-lesing

In die departement Staatsleer van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat word **Internasionale Verhoudinge** reeds die afgelope vyftien jaar as studieveld aangebied.

Die geleidelike en natuurlike differensiasie binne die departement het daartoe gelei dat 'n tweede professoraat aan die begin van 1968 ingestel is en dat dr. F. J. H. Wessels wat as hoogleraar benoem is, die besondere gebied van Internasionale Verhoudinge as leeropdrag ontvang het.

Na baie jare van studie waarin 'n eie, kenmerkende benaderingswyse uitgewerk is, is gevoel dat die tyd aangebreek het om die publiek ook voordeel te laat trek uit die kennis wat opgebou is. Om uitvoering aan hierdie gedagte te gee, het die Senaat en die Raad van die U.O.V.S. besluit om jaarliks 'n openbare lesing, wat bekend sal staan as die C. R. Swart-lesing, aan hierdie aangeleentheid te wy. Dr. C. R. Swart was geesdriftig bereid om sy naam aan die lesing te koppel.

Deur die benaming **C. R. Swart-lesing** word ook hulde gebring aan 'n gevierde seun van die Republiek van Suid-Afrika, wat as Goewerneur-Generaal en as Staatspresident deur sy besondere takt en wysheid baie daartoe bygedra het om diplomatieke verteenwoordigers in ons land tuis te laat voel en hulle goeie gesindheid te verseker. Voorts word ook erkentlikheid betoon teenoor dr. Swart in sy hoedanigheid as Kanselier van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Ons universiteit wil deur hierdie jaarlikse lesing sy bydrae lewer in verband met die besinning oor dwingende vraagstukke waarmee die wêreld worstel. Ons vertrou dat ons in die jare wat voorlê, in die geleentheid gestel sal kan wees om te luister na vooraanstaande wetenskaplikes, staatsmanne, diplomate en regsgeleerdes.



PROF. DR. B. KOK,
REKTOR.

INTERNASIONALE VERHOUDINGE — 'N NORMATIEF- STRUKTURELE BENADERING

Internasionale Verhoudinge is as selfstandige dissipline nog in sy vormingsjare. Die eerste leerstoel in *Internasionale Verhoudinge* is trouens pas in 1919 aan die Universiteit van Wallis ingestel met die opdrag: „the study of those related problems of law and politics, of ethics and economics which are raised by the project of a League of Nations, and for the encouragement of a truer understanding of civilizations other than our own”.¹⁾

Die tradisionele studiebenadering van die tussenstaatlike betrekkinge, bloot as diplomatieke geskiedenis en volkereg, kry in bogenoemde leeropdrag 'n meer eklektiese inslag waarin ook etiek en ekonomie betrek word. Nou is dit waar dat ons van meet af 'n tweeslagtigheid in 'n enersyds legalistiese en 'n andersyds moralistiese benaderingswyse aantref; laasgenoemde meer gemoeid met die hervorming van Internasionale Verhoudinge as met die studie en begrip daarvan.²⁾ Pas na die tweede wêreldoorlog betree ons 'n fase van metodologiese navorsing. Ons moet egter steeds in gedagte hou dat vanweë die historiese agtergrond van die vak, die resultate versprei lê in diplomatieke geskiedenis, volkereg, staatsleer en biografieë van staatsmanne en diplomate ens.

Die vroegste geskrifte oor die tussenstaatlike verkeer word kenmerk deur 'n ongekompliseerde begripsbasis omdat slegs enkele state of ryke as komponente geld. Maar nieëenstaande skerp omlynde teoretiese benaderings hanteer skrywers uit verskillende eeue en diverse religieuse klimaat, tog dieselfde materiaal. *Plato* (427—347 v.C.) en *Hsün-Tzu* (+ 340 v.C.) skryf albei oor oorlog; *Thucydides* (460—399 v.C.) en *Hume* (1711—1776) bespreek magsewewig; *Augustinus* (354—430 v.C.) en *Kant* (1724—1804) bespreek die wêreldorde.³⁾ Bowendien het alle denkers sonder enige twyfel die *stadstaat* of *staat* as die sentrale knooppunt van die internasionale verhoudingsdinamiek aanvaar.

Die wisselende standpunte word egter eers duidelik in die lig van sorgvuldige vergelyking van die resultate van die werklikheidsienings in die verskillende kultuurgebiede van die wêreld⁴⁾ d.w.s. deur 'n blootlegging van die innerlik religieus-bepaalde normatiewe dryfkragte en 'n waardering van die gevolglike differensiering en individualisering van lewensvorme binne 'n proses van beskawingsontwikkeling. Die stand van beskawingsontwikkeling, soos bereik binne die onderskeie religieuse invloedssfeer van 'n mensdom, wat

deur die eeue heen geen gemeenskaplike wêreldkultuur daargestel het nie, moet dus verreken word. So het Confuciaanse Sjina; Hindoe Indië; Islam Ooste en Christelike Weste elk sy eie uitsig op die tydelike werklikheid gehad.

Die internasionale praktyke van die Westerse kultuurgebied in die kontak met die Ooste het dan ook die bestaande stelsels daar oorwoeker, sodat die eie, onderskeidende elemente daarvan verdwyn het. Die tussenstaatlike verwarring van die afgelope dekades bring in sy ontnugterende uitwerking egter 'n radikale omwenteling. Die skynbare berusting in Westerse stelsels maak plek vir 'n terugkeer na die eie religieuse en etnosentriese tradisies. In Asië, sowel as in Afrika herleef politieke denkrigtings en strukture wat gangbaar as uitgediend beskou is, en wat ontoereikend geag word in moderne tussenstaatlike verkeer — ja, selfs in stryd met die beginsels wat deur die volke in 1945 aanvaar is. Dit is dan veral die verdienste van *Ada Bozeman* (1960) dat sy dié kulturele tradisies reg tipeer en derhalwe begryp waarom Westerse terminologie slegs vorme sonder inhoud word en waarom ons 'n tyd tegemoetgaan waarin dié oer-stelsels die tussenstaatlike toneel selfs sal domineer.⁵⁾ In dié lig begryp ons ook waarom *Plato* sy ideale staatsvorm oordra na die tussenstaatlike, en in die rudimentêre tussenstaatlike organisasie van sy tyd, 'n soteerologiese taak en roeping aan die leidende state toeken. Dit dan in 'n interstedelike gemeenskap waar mag steeds oorheers, maar waar volkereg, moraliteit en tussenstaatlike organisasie reeds begin gedy in die klimaat van die bipolarisme van 'n wêreld waarin die magsentrums, Sparta en Athene, om hegemonie stry.⁷⁾

In sy eie religieuse en kulturele invloedssfeer het *Confucius* (551—479 v.C.) 'n stelsel gesoek wat soos sy eie leerstellings, in harmonie geëg is met die onversteurbare struktuur van die heelal. Die Sjinese stelsel van koninkryke en stadstate, gebou op die hiërargiese beginsel van sy leer, is dan die ideale patroon vir die tussenstaatlike verkeer, met Sjina as leier en sentrum — 'n tussenstaatlike hiërargie, wat berus op Sjinese hegemonie en uiting vind in seremoniële verering en skatpligtigheid; 'n stelsel wat kultureel-formeel rig eerder as politiek-realities.⁸⁾ Waar beide hierdie skrywers tog 'n teoretiese konsepie as rigsnoer het, bied *Thucydides*⁹⁾ in sy geskiedenis van die Peloponnesiese oorloë (431—401 v.C.) as praktiese politiek en diplomatie 'n fakties-empiriese benadering waarin die klem op die bewegings en veranderings binne die gemeenskappe gelê word.

Die sintese is egter geleë in Internasionale Verhoudinge as die onderlinge wisselwerking van die groeperinge — verskeidenheid op 'n gegewe moment, in die lig van die religieus-bepaalde kulturele klimaat, d.w.s. binne die proses van beskawingsontwikkeling.

In die moderne naoorlogse tydperk het die kompleksiteit van die tussenstaatlike deur die veelheid van komponente (state) opvallend toegeneem. Intussen het ander instellinge transnasionaal (Ford- en Rockefeller-stigtings) *supranasionaal* (Europese Staal- en Steenkool Unie, Wêreldraad van Kerke) en *internasionaal* (V.V.O., en sy verwante organisasies) aanspraak begin maak as *komponente in die plek van of naas* die state.

Die vroegste skrywers kry nog nie te doen met 'n moderne transformasiedenke waarin die nasionale staat as ewel gebrandmerk word, sy soewereiniteit ontken, en sy bestaan gerelativeer word tot provinsie of hoofstad van 'n wêreldstaat nie. Bowendien was die versplintering van die humanistiese staatsfilosofie in reg- en magstaatrigtings intussen verantwoordelik vir die opkoms van denkrigtings wat enersyds die heerskappy van die reg proklameer en andersyds die tussenstaatlike reduceer tot magspolitiek. In die metodologie is aanvanklik teruggeval op geskiedenis, staatsleer, ekonomie en regte. Geleidelik is die metodes van die kruis-dissiplines vanuit die ander wetenskappe (sielkunde, sosiologie, wiskunde) bygebring. Derhalwe was verdere moontlike benaderingswyses dadelik beskikbaar. As voorbeeld dien die psigopatologiese benadering van sogenaamde afwykende staatsgedrag; of die opbou van modelkonstruksies van 'n wêreldstaat met al die krag van die matematiese en statistiese metodes!

Intussen ook nog die dwingende behoefte om die kennis van die natuurwetenskappe te gebruik veral by die probleme van die ruimtereg in die atoomereu met sy tussenkontinentale projektele, ruimtevaartuie, telstartelevisie en -kommunikasie. So het die geografie byvoorbeeld 'n besondere bekoring ingehou en vir *Mackinder* (1861—1947), *Haushofer* (1869—1946) en andere¹⁰⁾ verlei om 'n suiwer geopolitiese benadering van die internasionale verhoudinge aan te bied, met 'n byna fatalisties gedetermineerde verloop van wêreldgebeure as teoretiese resultaat!

Die gevaar van eensydigheid duik telkens op. Om deur te dring tot 'n begrip van die tussenstaatlike toneel van die tydgenootlike wêreld word 'n besondere ingesteldheid vereis, gevestig in religieuse diepgang, filosofiese besinning en voortdurende empiriese kontak. Op dié wyse kan die massa ervaringsdetail aan die hand

van eerste beginsels tot 'n simmetriese en konsekwente patroon georden word.¹¹⁾

Dat die religieuse versplintering van die mensdom tot diverse benaderingswyse van die vakwetenskap lei, is verstaanbaar. Wat egter verbyster, is dat 'n suksesvolle aanbieding van 'n konsekwente deurvoering van 'n bepaalde benadering tot 'n totaliteitsvisie van die ganse problematiek van die tussenstaatlike, uitgebly het.

In hierdie lig het ons ons leeropdrag aanvaar, en bied ons 'n eie beskeie benaderingswyse van dié vakwetenskap gedagtig daaraan dat dit ook aan die eise van universitêre onderrig moet beantwoord. Die regverdiging daarvoor meen ons is te vinde in die gangbare metodes en hulle gebreke.

So plaas die *historiese metode*¹²⁾ die klem op die tydgenootlike geskiedenis en die diplomاسie. Dit het in sy guns dat dit nie alleen die tradisionele metode is nie, maar dat dit gerugsteun word deur die feit dat tydgenootlike gebeure sterk deur die historiese gekondisioneer word. Dit is bruikbaar in die blootlegging van die oorgang van die simplistiese Europese statestelsel na die komplekse variant van ons tyd met sy deelnemers en sy gerigtheid deur al die konsekwensies van die ontwikkeling van wetenskap en tegniek. Dit is velde wat die tradisionele diplomاسie nouliks kon bedink. Die historiese metode is ook nuttig om die groei van beleidsrigtings en responderingsmomente te tipeer, wanneer ons staatspraktyke aan verklaarde norme toets en die invloed van dié norme op die beslissingsmomente ter vorming van openbare mening ondersoek. Ter illustrasie die vraag: Hoe het die geallieerdes daarin geslaag om 'n heilige oorlog teen Nasionaal-sosialisme te regverdig deur Christelike slagspreuke en dit met 'n verklaarde ateïstiese bondgenoot? Óf waarom het dieselfde slagspreuke in die koue oorlog teen dieselfde bondgenoot misluk?

Die historiese metode het die wêreldtoneel as laboratorium waar dit moontlik is om oorsaak en gevolg te ontleed. Maar sy tekortkoming is duidelik daarin dat die geskiedenis sigself nie herhaal nie. Dit kan nie bepaal hoe mense sal reageer onder nuwe omstandighede en met nuwe manne aan die roer nie, want dit beklemtoon slegs identiese gebeure, rigtings en belange. Veral van Amerikaanse kant word die metode verwerp omdat die beslissingsmomente en die proses te ingewikkeld is. Bowendien het ons te doen met die moderne gesekulariseerde historikus wat weier om óf enige genormeerdheid te erken, óf wat self 'n intens-fanatiese genormeerdheid van ideologiese aard aanbied. (*Toynbee, Marx*).

Teenoor die historiese metode word vandag veral die metode van *stelsel-analise* opgewerp. Hoewel vroeër reeds gekonsipieer, is dit in ons tyd nader uitgewerk deur *Morton Kaplan* (1955)¹³ *Karl Deutsch* (1963), *Andrew Scott* (1967) en *Gützkow* (1963) om slegs enkele name te noem.¹⁴) Die metode bestaan daarin om na konstante faktore te soek wat tesame met die akteurs daarvan 'n bepaalde rigting of stelsel van wêrelddordering sou bloot lê. Elke stelsel word op eie meriete getoets en geanaliseer as volmaakte sisteem. Dit is saaklik 'n teoretiese model waarin sekere nie-essensiële werklikheidsaspekte met die oog op 'n vereenvoudigde konstruksie uitgeskakel word. *Morton Kaplan* poneer ses stelsels in rangorde van integrasie, d.w.s. uitskakeling van die invloed van individuele state — magsewewig; twee bipolêre stelsels elk weer gemeet aan die graad van binding binne die eie stelsel; dan universalisme of transformasie; hiërargisme en 'n eenheid-vetostelsel.¹⁵)

Elke stelsel word nou bestudeer as 'n analitiese entiteit met sy eie substelsels en eie akteurs, d.w.s. sy state, satelliete en supranasionale organisasies.

Dié metode leun sterk aan op *skynstrukture* wat in geen opsig die positivering van normatiewe gegewens daarstel nie. Derhalwe is die bepaalde stelsels telkens karikature van die ware struktuur van die tussenstaatlike. Sou ons die internasionale verhoudinge van ons tydsgewrig wil reduceer tot 'n bipolêre benadering waarin Navo en Warschau as kernmomente funksioneer, kry ons nog geensins 'n totaliteitsblik op die tydgenootlike tussenstaatlike probleme nie, en bowendien verklaar ons nog nie die verskynsel van neutralisme of die verskille tussen die V.S.A. en Frankryk binne die Navogroep of Sjina en Rusland binne die Warschaukombinasie nie. Dié metode bied inderdaad aan die student slegs die individuele bome in die woud.

Wanneer die *universalisme* as stelsel aangewend word, het ons te doen met 'n transformasie denke wat beweeg in gerigtheid op 'n wêreldstaat. Dan het ons aangeland by die begraaftplaas van die nasionale staat. Die universalisme in al sy verskyningsvorme is dan eerder besig met die bou van Torings van Babel as met die werklike, konkrete verhoudinge tussen state. So is die politieke, godsdienstige, kulturele, funksionele of regionele wêreldstaat telkens manifestasies van 'n denkrigting waarin nasionale state verdwyn. In hierdie *empiriese* verslanking word die benadering bowendien *normatief* verhongers. Studie van transformasie is 'n

studie van gewaande strukture d.w.s. van dinge wat nie bestaan nie.

Die *stelsel-analise* verskaf wel nuttige materiaal maar is beperk in sy vermoë om kennis te neem van alle bewegende kragte en om elke verwysingsvorm in die lig dáárvan te tipeer. Dit kan die beslissingsmomente nie verklaar anders as binne die enge kader van die onderhawige *stelsel* nie, omdat dit die religieuse gerigtheid van staatsmanne of die tegnologiese sprong nie kan verreken nie. Sonder enige begrip van die normatiewe individualiteitstruktuur van die enkele staat, kan jy geen begrip vorm van die karikatuur wat jy telkens met elke *stelsel* skep nie.

Die normatiewe metodes verdien vervolgens ons saaklike aandag. Sodra Internasionale Verhoudinge in 'n universeel toepaslike metode aangebied word, duik die gedagte van behorenswetenskap op. Dan is daar standaarde en norme, soos blyk uit die vroegste reëls van die volkereg — *pacta sunt servanda* — (verdrae moet nagekom word).

So het benaderingswyses ontwikkel wat onder meer gegrond is in die historiese determinisme, magspolitiiek of idealisme. Beskou slegs die liberale idealisme waarmee ons reeds by *Condorcet* (1743—1794) kennis maak en waarin die toekomstige tussenstaatlike aanland by 'n Utopia bloot deur hervorming van die mens, in wie se „*unlimited perfectibility*” hy glo.¹⁶⁾

In die twintigste eeu bied *Woodrow Wilson* (president van die V.S.A. 1913—1921) weer dieselfde optimisme as hy die mensheid as arbiter oproep tussen staatsmanne! Die moderne „gelykmakers” „do-gooders” en „one-worlders” met wie ons hier te lande en in die V.V.O. kennis maak, handhaaf nog presies dieselfde resep! Nêrens gemoeid met 'n strukturele benadering van lewensvorme wat in die sentrum van die tussenstaatlike staan nie, kan dit ook nie kennis neem van 'n struktuurvorm vir die tussenstaatlike verhoudinge nie. Slegs individuele standaarde van goed en sleg, met soms die kombinasie van verkapte Christelike elemente en liberale humanisme is die maatstaf. Getuienis: Die poging om in die Wêreldhof 'n universeel toepaslike norm van nie-diskriminasie uit die juridiese probleme van die *mandaatstelsel* in Suidwes geformuleer te kry!

Teenoor die liberale idealisme staan die variant van die *magspolitiiek*, wat mag as 'n normatiewe gegewe sien en dit tot die priêre dryfkrag van die tussenstaatlike afsonder. Gevolglik die bestudering van 'n wêreld van magspolitiiek — in die bane van oor-

loë en gerugte van oorloë! Belange en mag word die basiese norme vir staatsgedrag — soms ongebonde en a-moreel (*Machiavelli* (1469—1527)) of effens moreel en begrens (*Morgenthau* (1951)). Magspolitiek — soos nader uitgewerk deur *Morgenthau*, *Schwarzenberger* (1964) en *Green* (1967) is dus bloot besig met die hele wieslag van oorlog.¹⁷⁾ Dit plaas die student binne 'n enge perspektief sonder kennisname van die omgangsaspek waarin die verhoudinge van state geleë is, en waarvolgens die neiging tot vrede minstens ewe sterk is. So word Internasionale Verhoudinge in die woord van *Bryce* (1838—1922) oor die Romeinse Ryk „Old unhappy far off things and battles long ago”.

Teenoor magspolitiek is die *juridiese metode* besonder gewild met die volkereg as die kodeks van internasionale gedragsnorme. Die juridiese metode steun op die populêre kreet van die heerskappy van die reg en reduseer alle internasionale politiek en konflik tot 'n juridies beregbare gegewe — 'n regsuniversalisme wat staatlike reg en belange oorkoepel. Uitgaande van die primaat van die volkereg is die soewereiniteit van state, en hulle interne juridiese monopolie, verontagsaam en hulle lewensbelange resloos uitgelewer aan die *ipse dixit* van die regters van die dag en liefs uit 'n „gepakte regbank”. Getuienis: Die gefladder oor die Suidwesuitspraak wat in die Republiek se guns was. Die juridiese metode verslank die tussenstaatlike maatskapsverkeer tot regte en verpligtinge binne die raamwerk van 'n afdwingende *gesagselement* wat ewe-eens onversoekenbaar is met die praktyk van state.

Hierdie voorlopige aanduidings van die gebreke by benaderingswyses en metodes put die aantal nie uit nie; maar genoeg is aangedui om met *Padelford* (1967) (wat terloops 'n *eklekties-dinamiese* metode toepas¹⁸⁾) te beweer dat geen enkele metode bevredig nie, mits ons ook daarby sy eie insluit!

Hoffman (1956) skryf dat vir die studie van Internasionale Verhoudinge eerstens 'n analise van die politieke strukture van die wêreld nodig is; tweedens 'n analise van die magte wat heensny oor dié strukture; en derdens verrekening van die verhouding van die binnelandse politiek tot die buitelandse.¹⁹⁾

Kortom, daar is 'n *struktuurleer* nodig, sowel as 'n perspektief op alle verhoudingsdinamiek (nasionalisme, ekonomie, bevolking, geografie ens.). Bowe alles is dit nodig om die interne struktuur van die komponente vooraf as basis van die tussenstaatlike te verreken. Wat vir ons ontbreek, is 'n vierde aspek wat tog deur die histories-sosiologiese projeksies van *Spengler* (1880—1936),

Toynebee (1889—), Marx (1818—1883) en Sorokin (1889—), elk binne die eie lewensbeskouing gegee is, naamlik 'n religieus-verankerde, toekomspektief.

Dit alles beteken dat die struktuurvorm van die tussenstaatlike en sy praktiese verskyningsvorme slegs te begryp is vanuit die normatiewe individualiteitstruktuur van die staat self, en die plasing van die staatlike verkeer binne die kader van die struktuurvorme van die menslike samelewingsorde as 'n verband, gemeenskap of maatskap.

Ons gaan dus eerstens let op die struktuur van die komponente as kernmomente in die omgangsaspek, welke struktuur volgens bepaalde norme sy beslag kry as *tussenstaatlike samelewingsvorm*.

Dié metode noem ons dan voorlopig *normatief-struktureel*. En hier, sowel as in ons religieus-verankerde toekomspektief, plaas ons onself op die grondslag van die Christelike religie.

Internasionaal het primêr as basis die begrip *staat* en dan wel die geïndividualiseerde nasionale staat.

Daaruit vloei vanself die tweede vereiste van 'n *veelheid van state*. Die bestaan van state is dus die voorvereiste vir tussen staatlike omgang. In 'n *wêreldstaat* hou internasionale verhoudinge dus op om te bestaan!

Hierdie komponente het ons in alle benaderings aangetref. Telkens egter in verkapte vorm; òf 'n magskonstruksie a-moreel en grensloos, òf 'n opgedoepte staat, in stelsel en substelsel, waarin sy wesenselemente slegs bruikbaar is as graadtoetse vir binding en integrasie, òf 'n gebrandmerkte staat, oorsaak van oorlog, en hindernis in die pad van die perfekte mens op weg na die Utopia „The image of sovereign *impermeable nation* states is out of accord with the realities of the contemporary world” sê Scott (1967) terwyl hy opmerk dat die leerstuk van *nie-inmenging* „was designed for a world that has ceased to exist”.²⁰⁾ In die verband merk Fred Greene, die magspolitikus op as hy sy skynbare ongebondenheid poneer: „Statehood is one of the great characteristics of our era, and international relations has come to be based squarely on the state — a sovereign, political entity with absolute authority over a defined territory”.²¹⁾

Weliswaar is nasionale soewereiniteit skynbaar begrens deur die opkoms van transnasionale, internasionale en supranasionale organisasies en deur die binnestaatlike optrede van die V.V.O. soos in die Kongo. Wel het streeksgroeperinge geneig om die indiwiduele staat te verdonkermaan — Nordiese Raad, Benelux, Euro-

mark ens. Wel is state meer kwesbaar en is magsverskille meer geaksentueer — magtige atoommoondhede teenoor die broeikas nasies van Afrika. Wel het tegnieke van interpenetrasie toegeneem in tegniese hulp en metodes soos „Leadership”- en „Field Service”-programme. Wel neig alle konflikte meer tot internasionalisering, en wel is die nasionale staat reeds vir vele nie meer die sentrum van lojaliteit nie, en het hulle meer trou aan interdenominasie as aan denominasie. Dit alles is skynbaar die rede vir die afdanking van die staat by Herz (1951), Boulding (1956) en andere in ons tyd.²²⁾

Maar daarteenoor plaas ons die krag van die nasionale staat, byvoorbeeld die V.S.A. wat in sy voorbehoud op die opsionele klousule van die Internasionale Geregshof sy huishoudelike jurisdiksie omskrywe „as determined by the U.S.” Daar is die veto van die grootmoondhede, pas weer geïllustreer deur die Soviet in die krisis van Tsjeggo-Slowakye. Daar is die ontsagwekkende implikasies van selfbeskikkingsreg sedert Woodrow Wilson dit formuleer het. Daar is die wêreldwye verspreiding van nasionale state, die ontbinding van wêreldryke en die opkoms van nasionale state daarbinne, waaraan ook die Republiek van Suid-Afrika sy bestaan te danke het. Daar is die krag van nasionalisme waarop selfs die Kommunisme in die laaste oorlog ’n beroep gedoen het. Dít terwyl Marx geponeer het dat die arbeider nie ’n vaderland het nie. Daar is die leerstuk van nie-inmenging — die basis ook van ons Republikeinse buitelandse beleid — ook teenoor ons nuwe bure. Daar is die ideologiese groeperinge wat versplinter onder druk van nasionalisme — Sjina, Joegoslavië, Pole — tans Tsjeggo-Slowakye. Ons konkludeer dat in die lig van dit alles die nasionale staat die kernmoment van tussenstaatlike verhoudinge bly, soos deur Manning en andere ook aanvaar.²³⁾

Die moderne statestelsel — waarvan die kernmomente met voortgaande beskawingsrypheid vanuit die feudale stelsel geleidelik geïndividualiseer het tot ’n groot aantal onafhanklike state, elk met ’n eie geografiese magsgebied — is trouens getuie van ons standpunt. Die staat self is die monopolistiese organisasie van die swaardnag op ’n begrensde territorium. Dit het sy eie normatiewe struktuurindividualiteit en vind sy fundering in die historiese swaardmag, met sy bestemming in die juridiese. Dit onderskei die staat struktureel van ander lewensvorme op die begrensde grondgebied, maar gee terselfdertyd aan die staat ’n oorkoepelende integreringsstaak van regsbestelling in ’n veelheid van regsbelange.

Dan bestel die staat nie bloot die reg tussen sy burgers nie, maar ook tussen ander lewensvorme, wat in dieselfde proses van beskawingsontwikkeling tot vryheid-in-eie-bevoegdheid; soewereiniteit-in-eie-kring, gekom het; elk egter met sy eie bevoegdheidsgrense, vanweë die eie, andersoortige fundering en bestemming.

Uit die fundering van die staat sou dit logies volg dat die swaardmag oorbeklemtoon word. Dit doen *Schwarzenberger* en andere juis in die magspolitiek as benaderingswyse. Aan die keer-sy het ons die juridiese bestemming, wat denkers verlei tot die gangbare regsheerskappy wat ons hierbo getipeer het. Omdat ons reeds aanvanklik die dwalings vanuit fundering en bestemming aangedui het, kan ons ook nou voorlopig daarop wys dat die *interne struktuur* van die staat nie in sigself die struktuur van die internasionale volledig verklaar nie. Maar ons het intussen die bruikbare beginsel van *strukturele gelykwaardigheid* van die komponente van die tussenstaatlike om mee te werk. As gelykwaardige strukture het hulle gelykelyk daarop aanspraak om as komponente van die resulterende struktuurvorm die aard daarvan te bepaal. Vgl. hier Artikel 2(1) van die handves van die V.V.O.: „Die Organisasie is gebou op die beginsel van die soewereine gelykheid van al sy lede.”

In alle menslike samelewingsgroeperinge is in hoofsaak die verband, gemeenskap en maatskap te onderskei. Die verbandstruktuur word gekenmerk aan sy interne solidêre eenheidskarakter, ongeag die wisseling van sy lede, en sy permanente gesagstruktuur. Voorbeeld hiervan is die staat self met sy bowe- en onderskikkende verhouding tussen owerheid en onderdaan. Die maatskapsfiguur is daarenteen 'n eksterne verhouding, d.w.s. 'n losser verhouding met 'n gekoördineerde, neweskikkende posisie van gelykes *naas mekaar*. Soos in die vriendskap en buurskap is hier geen bowe- en onderskikking in 'n permanente gesagstruktuur nie. Die gemeenskap vertoon op sy beurt weer slegs 'n gesagstruktuur soos by die huwelik.

Soek ons nou na die struktuur van tussenstaatlike verhoudings moet ons die *verbandstruktuur* as ondeugdelik verwerp. Empiries gesien, is hierin geen permanente gesagstruktuur aan te dui nie; in elk geval nie 'n gesagstruktuur wat uit *eie reg* en *individualiteitsnorme* gepositiveer is, en wat oor alle state 'n swaardmag hanteer nie. Nee, ons neem slegs *state* waar wat uit eie reg, sonder bowe- en onderskikking naas mekaar bestaan. Die ponering van 'n gewaande superstruktuur is dus werklikheidsvreemd en reduseer

die eksterne verhouding tussen state tot die binnestaatlke van owerheid en onderdaan — of die buitestaatlke posisie veroweraar en verowerde.

Na ons mening moet die struktuurbeginsel vir die tussenstaatlke gesoek word in die maatskap. Dit juis omdat die verhouding een van neweskikking is, en omdat die afwesigheid van 'n permanente gesagstruktuur 'n kenmerk van die internasionale politiek bly, ondanks die skyn daarvan in die Veiligheidsraad, wat op sy beurt weer deur „Uniting for Peace” oorgaan op die Algemene Vergadering en die sekretaris-generaal. Die tussenstaatlke verhoudinge rus dus in *maatskapsbetrekkinge*. Dit plaas ons op die standpunt van vrywillige groepering en toestemming, en van die volkereg as *maatskapsreg*, die reg van *gelykes*, gekoördineerd, naasmekaar, sonder enige bowe- of onderskikking. Dit bring ons egter voor die vraagstuk waarmee *Grotius* (1583—1645) reeds geworstel het, naamlik die basis van verpligting en waarvoor hy *toestemming* as moeder van sowel *burgerlike reg* as *ius gentium* geponeer het. Kontrak en ooreenkoms gee 'n dwingende karakter *ex consensu* afgelei, maar is eers effektief as die regsreël, *pacta sunt servanda*, die konsensus bindend maak.

Die kritiek is dan dat *pacta sunt servanda* nie konsensueel is nie. Die vernaamste skrywers oor die volkereg het die toestemmingsreël bevestig — *Salmond* (1862—1924), *Coleridge* (1820—1894), *Oppenheim*, *Esher* (1817—1899) — „The consent of nations is requisite to make any proposition part of the law of nations.”²⁴⁾

In die *Lotus-saak* (1927)²⁵⁾ sê die Permanente Hof van Internasionale Regspraak — „The rules of law binding upon states . . . emanate from their own free will as expressed in conventions or by usages generally accepted as expressing principles of law”. *Oppenheim* (1858—1919) praat van 'n algemene toestemming.²⁶⁾ Die leer is verder uitgewerk deur *Hegel* (1770—1831) en *Jellinek* (1851—1911) in die sogenaamde selfverpligting van state — Volkere is dan die kodeks van die „ausseres Staatsrecht”. Die leerstuk is altyd bruikbaar totdat ons aanland by die werklike juridiese basis van die volkereg, naamlik die vraag of daar wel objektief geldende reëls bestaan? Dan moet 'n objektief geldende bron gevind word, waar 'n gemeenskaplike wil setel in een of ander *Ver-einbarung* soos *Triepel* (1899) dit noem.²⁷⁾ Trouens, ons bly gekonfronteer met die *geldende* kritiek dat toestemming slegs die basis van verpligting kan wees omdat die konsensus plaasvind binne 'n regsorde waarvan een van die beginsels is dat toestemming

juis dusdanige effek sal hê. Die kritiek word dan as vernietigend beskou; maar slegs omdat daar, na ons mening, gangbaar eerstens nie die onderskeid en bestaan van *verbandsreg*, *gemeenskapsreg*, en *maatskapsreg* erken word nie. Maar tweedens, omdat die filosofiese benadering daarvan uiteenlopend is. Vanaf die natuurregskool wat 'n natuurreg bo die staatsreg stel, het ons gekom tot vrywillige reg — reg deur oorleg en beraadslaging (*Grotius*, *Zouche* (1590—1660), *van Bynkershoek* (1673—1743)). Hieruit het 'n regspositivisme ontwikkel wat algeheel breek met die natuurreg wat as abstraksie los van die werklikheid staan. Dit lei andersyds tot die sogenaamde voluntaristiese regspositivisme van *Hall* (1835—94), *Oppenheim*, *Lawrence* (1849—1919), en *Anzilotti* (geb. 1869), wat die soewereiniteit van state poneer as beslissend, sodat volkereg afgelei is van die staatsreg.²⁵⁾

Die moderne *Monistiese* rigting is egter die groot bestryder van sowel die natuurreg as van die positivisme. Uitgaande van 'n eenheid van die menslike geslag, aanvaar dit *a priori* 'n regsbewussyn by volkere wat gefundeer is in 'n algemene mensheidsreg vir één gemeenskap wat die hele wêreld omsluit. Nasionale state is dan slegs verbygaande fases, hoofstede vir die plaaslike bestuur van dié mensheid. Wel ontbreek die *de facto* instellings nog, maar die teoretiese bestaan is geregverdig! So word die konklusies van binne-staatlike volksoewereiniteit deurgetrek na die *soewereiniteit* van die mensheid. State is verteenwoordigers van die mensheid en het daarom slegs afgeleide gesag. Die hoogste soewereiniteit sal eendag berus in die eenheidstaat van die mensheid.²⁶⁾

Hans Kelsen (1881—) sny sowel na die wortel van die natuurreg as na positivisme en toestemming.²⁷⁾ Vir hom kan staatsreg en volkereg as regsordes eenvoudig nie *naas mekaar* bestaan nie. Hy kan *normlogies* nie die bestaan of afleiding van die een van die ander regverdig nie. Ook aanvaar hy nie die volkeregsorde van die monisme waarvan die staatsreg afgelei sou wees nie. Hy besluit dan dat die oplossing buite die gebied van die „reine Rechtslehre” geleë is. Die antwoord word bepaal deur jou lewensbeskouing en wat Kelsen betref: hy glo in die *primaat van die volkereg*.

Kortom, diegene wat die vrywillige basis van *maatskapsreg* ontken en bespot, bied nou niks anders as *hulle* eie lewensbeskouing aan nie. Ons wil hoop dat hulle 'n ewe strategiese plek vir die Christelike lewensbeskouing sal erken!

Ons konklusie is dus dat die maatskapsvorm ook die aard van die volkereg as die *reg van gelykes* bepaal.

Waar die binnestaatlike maatskapsverkeer 'n *privaatregtelike* karakter dra, moet ons let op die buitelandse verkeer wat, hoewel gebonde aan die interne struktuur van die staat, tog die tussenstaatlike karakter dra, sodat die maatstawwe van privaatreg nie toepaslik is nie. Bowendien het ons nou ook te doen met die verskynsel dat aanvanklike strukturele *regsgelykheid aangevul* word deur die wisselende magsposisie van state wat *politiese ongelykheid* na vore bring.

Juis die publieke karakter van die belange van elke staat maak die toepassing van burgerlike maatskapsreg onmoontlik; net soos die politiek, binnestaatlike volksoewereiniteit nie sonder meer eksterne mensheidsoewereiniteit oproep nie. Juis omdat die belange van die eie staatsvolk op die spel is, en dit gaan oor publieke belange, is die maatskapstruktuur die publiekregtelike harmonisering van staatsbelange op die grondslag van wederkerige erkenning en insig in mekaar se lewensbelange. Solank die veelvuldige statestelsel as werklikheidsfaktor staan, solank bou die volkere aan 'n onderlinge, publiekregtelike maatskapsidee — die harmonisering op die grondslag van neweskikking, wedersydse respek en insig.

Nog eens: Oorbeklemtoning van die funderingsaspek sou in die konflik tussen reg en mag, 'n magsegoïsme ontketen wat nie versoenbaar is met die afwesigheid van 'n gesagstruktuur in die maatskapsfiguur nie. Ook die *heerskappy van die reg* veronderstel 'n *magshierargie* wat ewe-eens in die maatskapstruktuur ontbreek. Getoets aan die werklikheid vind ons dat die verhouding tussen state nou eenmaal te broos is om 'n permanente gesagstruktuur daar te stel.

Vanuit die *maatskapsfiguur* wat ons nou postuleer, was dit moontlik om 'n universiteitsmetodiek nader uit te werk. Waar ons in die historiese verloop van die tussenstaatlike betrekkinge — en hier benut ons al die krag van die historiese metode — let op bepaalde momente en bepaalde gegewe, doen ons dit aan die hand van die konsekwente verskynsel van die *maatskapsfiguur*. Dan onderskei ons momente waarin die maatskapsfiguur van gelykes naas mekaar uitgebou en gerespekteer is, maar ook momente waarin dié figuur genegeer is. Kortom daar is *struktuurbehoudende* momente en *struktuurverwoestende* momente wat albei sterk beïnd is. Slegs aan die hand hiervan is 'n sinvolle studie van die geskiedenis van tussenstaatlike betrekkinge moontlik.

Enersyds *struktuurbehoudende* momente — onderlinge staatlike verkeer: vriendskap, bondgenootskap en verdrag. Vanaf die vroegste vriendskapsverdrae na die rudimentêre vorme van vrywillige organisasie by Griek en Romein, en vandaar na die moderne vrywillige organisasies waarin die staatsoewereiniteit erken en state behou word — soos by die Volkebond, en in beginsel by die V.V.O. Die opkoms van die volkereg en internasionale regspraak kan in dieselfde lig gesien word. So ook internasionale versoening, bemiddeling en arbitrasie. Alle behoudende organisasies met 'n kulturele, humanitêre en ekonomiese inslag ressorteer geredelik hier. Hier word dan ook alle heensnydende momente verreken — juis dié momente wat die nasionale state erken, uitbou en perpetueer; nasionalisme, magsewig, selfbeskikingsreg, nie-inmenging, ontwapening, ekonomiese samewerking. Daarmee het ons die nodige plek ingeruim vir die *dinamiese metode* maar ook terselfder tyd bruikbare werk gegee aan die metode van *stelsel-analise*, byvoorbeeld in die ontleding van 'n behoudende gegewe soos *magsewig*, wat een van die sogenaamde „stelsels” is.

Andersyds is ook die *struktuurverwoestende* momente belynd. Momente wat die individuele staat vernietig en die onderlinge maatskapsverkeer omwoel van *gelykwaardigheid* na *ongelykheid* en *oorheersing*, ook deur superstrukture. Dit was reeds merkbaar vanaf die antieke monarg wat geen gelyke erken nie tot by die vroegste wêreldryke. Hulle konfederasies en verbonde is getuienis van struktuurverwoesting. Imperialisme (rykstigting) in al sy vorme was steeds die *negasie* van die maatskapsfiguur, die *pax romana*, *pax islamica*, *pax britannica* of *pax americana* — is almal voorbeelde van die heerskappy van een of ander supermag. *Imperialisme* in sy moderne verskyningsvorme en konsekwensies, soos kolonialisme, neo-kolonialisme, neo-imperialisme, en dan wel eweseer Britse, Amerikaanse en Kommunistiese imperialisme, word binne hierdie raamwerk van struktuurverwoestende momente georden.

Die verrekening van die opkoms van transnasionale en supranasionale organisasies, met 'n pretensie van wêreldheerskappy, bied die moontlikheid om alle transformasie, universalisme, bipolarisme en blokvorming in die perspektief van negasie van die maatskapsfiguur te plaas. 'n Studie van wêreldstaat, wêreldkerk, regionalisme in al sy verskyningsvorme — Navo — Warschau; Europese Integrasie; Benelux; Organisasie van Amerikaanse State; Organisasie van Afrika Eenheid; Anzus-verdrag; Suid-Oos-Asië

Verdragsorganisasie, ens., telkens in die lig van hulle struktuur-behoudende of struktuurverwoestende elemente of tendense.

Die heensnydende momente van totalitêre ideologieë; die kommunisme, in al sy vorme, asook die liberale humanisme in sy nivellerende werking word weer eens hier verrek. So kan die ideologiese en religieuse agtergrond telkens in perspektief gesien word.

Sonder om die werklikheidservaring te verontagsaam, word dus gelet op die *komponente* (nasionale state) en hulle behoud binne die *struktuur* van hulle onderlinge verkeer. State as gelykes, ge-koördineerd, naas mekaar georden in 'n publiekregtelike maatskaps-struktuur.

As nadere toeligting bied ons die studie van diplomatie waarin ons in die lig van die normatief-strukturele metode, deur die eeue heen sy behoudende sowel as verwoestende fases kan onderskei.

Reeds by die Grieke geld die beginsel van onskendbaarheid van gesante wat deur Zeus self gewaarborg word. Hoewel die Grieke vroeg reeds 'n verhewe kode handhaaf³⁰) en in die 5de eeu v.C. reeds uitgebreide masjinerie vir Internasionale Verhoudinge het, gaan die diplomatieke idee mank aan instemming en moraliteit. Die Griek ken slegs Grieke en barbare! Tog is die beginsel van wederkerigheid en respek reeds duidelik uit die woorde van *Demosthenes* (383—322 v.C.) as hy vir *Aeschines* (389—314 v.C.) aankla: „Ambassadeurs het nie slagskepe, swaar infanterie en fortifikasies tot hulle beskikking nie. Hulle wapens is woorde en geleentheid”.³¹⁾

Die Romeinse diplomatie staan weer in die teken van sy heersugtigheid en minagting vir sy minderes, as hy gesante 'n oudiensie weier, hulle soms as spioene behandel en in vuil hotelle laat woon. Tog bring Rome die idee van orde, die heiligheid van die verdrag en die begrip van *prisca fides* (die seldsame goeie trou) in onderhandeling. So jammer dat Rome in die praktyk die omgangsvorm tussen state verknoei en die maatskapsfiguur afgebreek het.

Dit was in Bisantyn waar 'n spesiale departement die diplomatie oplei, met intense aandag aan protokol en seremonie waar die idee herlewe. *Konstantyn* ontvang vreemde gesante in 'n spesiale hotel (*Xenodochium Romanorum*) waar hulle deur Bisantynse glorie beïndruk word. 'n Gepoleerde, verhewe diplomatie wat minstens na die uiterlike die maatskapsfiguur uitbou. Daarna kom die Machiavelliaanse diplomatie in 'n era waar staatsbelange bo moraliteit geplaas word. Onbetroubaarheid, agterdog en onvolwassenheid

oorheers die diplomاسie en skud die maatskapsidee in sy fondamente.³²⁾

Dit was *Kardinaal de Richelieu* (1585—1642) wat van ad hoc-diplomasie beweeg na 'n permanente aktiwiteit. En alhoewel hy selfs met die duiwel 'n alliansie wil aangaan in staatsbelang, bring hy die grootste nougesetheid in gerigte diplomاسie — hoflik, verheewe, kontinu berustend op kennis en ervaring met realisme ten opsigte van bestaande magskonstellasies. Bo alles *prisca fides* in die onderhandeling van gelykes (*pares*) waar in 'n maatskapstruktuur die beste metode nog die gesproke woord van 'n ordentlike man namens sy volk bly soos *Cambon* (1845—1935) dit stel (La parole d'un honnête homme).

As die liberale demokrasie met Woodrow Wilson aan die spits, demokratiese kontrole oor staatsmanne wil uitoefen, begin die era van platform-diplomasie. „Diplomacy should proceed always frankly and in the public view” sê hy in sy veertien punte. Die resultaat was die konferensie-diplomasie, met die „rede” van die „mensheid” in 'n Volkebond, later V.V.O. gemasjineer. Daaruit vloei meer valsheid en agterbaksheid as wat selfs Machiavelli kon goedpraat. Propaganda toesprake, uitstappery en uitjouery gee 'n verkapte diplomاسie wat pragtig pas in die wetenskaplike dialektiek van die Kommunisme, wat wêreldheerskappy beoog in die spore van verwarring. So is 'n karikatuur van die wese van tussenstaatlike verkeer in die plek van die maatskapstruktuur opgebou.

Die kentering het egter reeds ingetree — Die V.V.O. is nie langer die sentrum van onderhandelinge nie. By spitsberade vergader die moondhede weer op tradisionele wyse want die tussenstaatlike maatskapsverkeer eis sekerheid (die gebrek by die Grieke en by die Amerikaanse repudiasie van verdrae), kontinuïteit (die gebrek van die konferensie-metode), en eenheid van beleid, gerig deur staatsowerhede, volvoer deur gelykwaardige verteenwoordigers (die gebrek van magspolitiek). So bied die diplomاسie 'n spieëlbeeld soos dit deur die eeue heen worstel met die probleme van die ware struktuur van die tussenstaatlike. Afwisselend is die figuur vervang deur 'n karikatuur met noodlottige gevolge. Maar uiteindelik handhaaf die struktuurnorm sig weer en kom daar andermaal respek en wederkerigheid in neweskikking. Toets ons, as laaste kontrole, die Republikeinse diplomاسie daaraan, dan merk ons die verheewe Franse styl met sy korrektheid, selfs in die dae toe die platform-metode die onwaardige storms oor die hoof van wyle dr. Eric Louw in die raadsale van die wêreld ontketen het. Vergelyk egter

nou die woede oor die vordering wat ons diplomاسie in die uitbou van die maatskapstruktuur maak in ons verhoudinge met nie-blanke buurstas. Diplomاسie van die Boererepublieke met nie-blankes is deur die imperialisme geheel en al afgesny en ons moes die omgangsvorme van meet af uitbou. Namate die maatskapsfiguur in Suider-Afrika orent kom, sal die platform-metode in die V.V.O. niks meer teen ons vermag nie.

In historiese perspektief sien ons die oplossing wat die staatsmanswysheid deur die eeue heen gebied het vir die verskynsel van 'n volkereveelheid, naamlik die territoriale staat, wat ook in ons land die beleid van afsonderlike ontwikkeling regverdig. Aan die kinders van Israel elk sy erfdeel. Waar die strukture verwoes word, is dit tog waar dat die normatiewe sig uiteindelik weer wreck. Die koloniale imperialisme as verwoester van state, is op sy beurt juis weer afgetakel met die opkoms van nasionale state — iets waarvan ons almal ook in ons eie vaderland, in Afrika en Asië, getuie was.

Waar die territoriale staat egter die probleem van buurskap skep, geld van vroeg af die Skrifnorm wat geen Agabshebsug teen 'n Nabot duld nie. Die norm: Jy mag jou naaste se landpale nie verruk nie, geld universeel — ook vir moderne saboteurs en terroriste, vir radiopropaganda en televisie; vir *kulturele* en *ideologiese imperialisme*.

Omdat ons nou eenmaal nie die leerstuk van „unlimited perfectibility” onderskryf nie, glo ons eerder aan *struktuurbegrensing* as aan *gewaande slagkrete*. Juis die Christelike staatkunde het van meet af 'n begrensing van die staat geponeer. In sy nadere uitwerking in ons tyd geld die strukturele begrensing in soewereiniteit in eie kring en die funksionele begrensing van juridiese integrasie. Die strukturele begrensing vir die staat op internasionale vlak is dan geleë in die strukturele aard van die maatskapsfiguur; terwyl die funksionele begrensing in die projeksie van nasionale taakvervulling te sien is. In die lig van hulle neweskikkende posisie binne die internasionale maatskap bestaan daar geen grenselose soewereiniteit nie, en het elke staat teenoor die ander aanspraak op huishoudelike jurisdiksie, d.w.s. geen innemnging in die eie taakvervulling nie. Op hierdie beginsel is Artikel 2(7) van die handves van die V.V.O. gegrond.

Die binnestaatlke taak, naamlik om die eie volk tot roepingsvervulling te bring, projekteer op 'n algemene mensheidsplig. Be-

kamping van die sonde op internasionale vlak soos byvoorbeeld deur opiumbestryding.

Omdat dit in die omgangsaspek geleë is, dwing die tussenstaatlike norm tot korrekte optrede in 'n wederkerigheidsbeginsel — die grondslag van die ganse diplomatieke en konsulêre praktyk soos ons dit in die Franse diplomatie onderskei het.

Uiteindelik sal die monopolie oor die swaardmag aan geen superstruktuur of wêreld-Leviathan uitgelewer kan word nie. Die Christenstate sal nie die swaard tevergeefs dra nie; maar dit ook nie in hierdie bedeling in naam van 'n passifisme neerlê nie, of in belang van 'n superstruktuur oordra nie. Die ware struktuur van die tussenstaatlike verhoudinge bly dus die van die maatskap.

Uiteindelik verantwoording van ons toekomsprojeksie. Ons studie van strukture en norme bring ons vanself tot die besef dat die probleme van ons tyd nie in die struktuur van state geleë is nie, en dan wel in die nasionale staat nie. Dit wil die transformeerders ons graag wysmaak. Nee die *sonde* van *owerhede* en *volke* het volgens Christelike leerstelling alles daarmee te doen. Dit beteken dat wêreldgebeure gesien moet word in die diepere religieuse verankertheid van die skepping en skeppingsgegewe en van alle menslike positivering.

In dié lig moet ons vooraf die bekende histories-sosiologiese projeksies van die tussenstaatlike toneel verreken, omdat almal getuienis lewer van dié religieuse verankertheid. So gee *Oswald Spengler*³³⁾ sy invloedryke visie. Diep bewus van die degenerasie van die Westerse kultuur, sien hy die ondergang van die Aandland. Die komende eeue is dan eeue van geweld en verowering. 'n wêreldpolitiek dus van verowering deur die swaard in belang van 'n nuwe lewenskragtige kultuur.

*Arnold Toynbee*³⁴⁾ sien weer die meganisme van die wêreldpolitiek in die uitdaging van die ou beskawing deur die nuwe wat aan sy randgebied ontwikkel. 'n Hervitalisasie van 'n Leitmotiv vir 'n skeppende minderheid is nodig. Dit vorm die krag agter die wêreldstaat in die internasionale toekomspektief van *Toynbee* — waarin uitdaging en antwoord die komende eeue van stryd tipeer.

*Pitirim Sorokin*³⁵⁾ is ewe bewus van die insinking van ons tyd — dekadent en vervalte waarin die geestelike deur die materialistiese oorwoeker word. In die plek daarvan sien hy die staat van die toekoms waarin die inherente altruïsme van die mens deur opvoeding tot perfeksie kom.

*Karl Marx*³⁶⁾ sien in die nasionale staat en sy ordeninge die kwaad, en bied 'n transformasie van gewelddadige omkering; 'n perspektief van klassestryd en revolusie na 'n nuwe wêreld waarin die staat verdwyn en kapitalisme uitgedien is. 'n Nuwe klaslose Utopia ontstaan eers nadat die brutale revolusies en omkering van die orde onder die diktatuur van die wêreldproletariaat volbring is.

Inderdaad, elke projeksie is afsonderlik die perspektief van 'n mensdom wat sy eie koers bepaal en homself red!

Uit die Christelike huis gee *Augustinus* die eerste deurgevoerde visie op die wêreldorde, en die diepere religieuse sin van die verloop van die tussenstaatlike worstelinge. Uit die analise kom die beginsel dat daar in die religieuse wortel van die kosmos, en derhalwe ook in die wortel van die gehele historiese ontwikkeling, 'n onversoenlike antitese bestaan tussen die Ryk van God en die Ryk van die duisternis.

Enige ontleding van die Internasionale Verhoudinge en bepaling van die Leitmotiv van die verhoudingsdinamiek, wat die afwikkeling van die Raadsplan van God nie verreken nie, verval in 'n uit-sigloosheid van toevallige gebeure wat as remedie ingrype deur die mens vereis en deur menslike perfeksie en organisasie *uitgeskakel moet word*. In die ruimste perspektief vervlieg die skyn dat die geskiedenis ordeloos verloop of na menslike willekeur gerig word. Soos Augustinus sy *Civitas Dei* en *Civitas Terrena* skei, heers in die diepste wortel die onversoenlike antitese ook in die tussenstaatlike betrekkings. Ook die owerhede van state sal in 'n stellingname betrek word, 'n stellingname waardeur elke staat 'n eeue-perspektief erlang.

Die tussenstaatlike verhoudings word dan steeds gedra in die beeld van *Nebukadnesar* wat die ondergang van wêreldryke (verwoesters van strukture) in die weg van die rollende steen — Christus — uitbeeld.

Vir elke staatsowerheid impliseer dit 'n stellingkeuse: Stad van God of stad van die duisternis. Dit juis omdat owerhede wat die swaard dra optree in die wete dat 'n Vrederyk nie in ons bedeling moontlik is solank Satan die nasies (ta etna) verlei teen die volk van God (laoos) nie. Dit, gepaar met ook die bewustheid van die eie onmag teen die Raadsplan van God waarin die keuse van elke volk onherroeplik verreken is, bring die diepe besef dat elke volk as stad van God in hierdie volkerewêreld in askese of isolement verkeer vanweë sy religieuse verankertheid. Maar dan kom ook

die dringende besef dat juis vanweë sy verankertheid hy geen vrees vir die tussenstaatlike verkeer koester nie. In die maatskap van volkere is hy draer van die lig, juis omdat daar state is met wie hy verkeer wat waarskynlik aan die stad van die duisternis toebedeel is. 'n Maatskap waarin jy jou meer intieme vriende het, maar waarin jy teenoor andere korrek en hoflik optree. In die diepste sin van die geskiedenis staan die antitese in die stateverhoudings in volle besef van 'n eindstryd tussen die volkere — 'n Armageddon wat 'n weerbare Christendom vereis.

In die aanbieding van hierdie Christelike perspektief, herinner ons daaraan dat daar ook vir die wetenskap waarhede geld wat op 'n dieper dimensie as die rede geleë is.

In die volle besef van ons verantwoordelikheid en roeping aanvaar ons ons leeropdrag aan ons *Alma Mater*.

Voetnote:

- 1) Morgenthau and Thompson, *Principles and Problems of International Relations*, Knopf, N.Y., 1952, p. 3.
- 2) Fischer, H. A., *Political Prophecies*, Clarendon Press, Oxford, 1919, p. 3—30.
- 3) Kant, Immanuel, *Zum Ewigen Frieden*, 1795.
- 4) Scott, A. M., *The Functioning of the International System*, Macmillan, N.Y., 1967, p. 3.
- 5) Bozeman, A., *Politics and Culture in International History*, Princeton, 1960, p. 522 e.v.
- 6) Northrop, F. S., *The meeting of East and West*, Macmillan, N.Y., 1950. Vgl. ook sy *Taming of the Nations*, Macmillan, N.Y., 1953.
- 7) Schwarzenberger, G., *Power Politics*, Stevens & Sons, London, 1964, 3de uitgawe, p. 15.
- 8) Vgl. Buttinger, S., *The Smaller Dragon*, Stevens, Atlantic, 1955.
Chieunung Li, *The Political History of China 1840 to 1928*, Van Nostrand, 1962.
Cheng, F. T., *China Moulded by Confucius*, Stevens, 1958.
- 9) Thucydides: *Peloponnesian War*, Translated R. Warner, 1959.
- 10) Mackinder, H. J., *Democratic Ideals and Reality*, 1919.
Haushofer, T., *Geopolitik des Pasifischen Ozeans*, 1938.
- 11) Zimmern, Sir Alfred, *The Encyclopedic Science of International Relations*, Morgenthau and Thompson, a.w., p. 18 e.v.
- 12) Vgl. oor die algemeen: Schuman, Frederick L. S., *International Politics*, McGraw Hill, New York, 6de uitgawe, 1968.
- 13) Kaplan, M., *System and process in International Politics*, Wiley and Sons, N.Y., 1957.
- 14) Deutsch, K., *The Nerves of Government*, N.Y., 1963.
Gützkow, S., *Multiple Loyalties*, Princeton, N.Y., 1955.
- 15) Kaplan, M., *System and Process in International Politics*, Wiley, N.Y., 1957.
- 16) Condorcet, Marie, Marquis de, *Sketch for a Historical Picture of the Human Mind* (1795), Translated J. Barraclough, Weidenfell and Nelson, London, 1955.
- 17) Green, F., *Dynamics of International Relations*, Holt and Rinehart, N.Y., 1964.
- 18) Padelford, N. J. and Lincoln, G. A., *The Dynamics of International Politics*, Macmillan, N.Y., 2de uitgawe, 1967.
- 19) Hoffman, S., *The long road to theory: World Politics*, Vol. XI, no. 3, April, 1959, p. 346 e.v.
- 20) Scott, A. M., *The Functioning of the International System*, Macmillan, N.Y., 1967 p. 23 e.v.
- 21) Green, F., a.w. p. 15.
- 22) Herz, J. H., *International Politics in the Atomic Age*, Columbia Univ. Press, N.Y., 1959.
Boulding, R. E., *Conflict and Defence*, Harper, N.Y., 1962.
- 23) Manning, C. A. W., *The Nature of International Society*, Wiley, N.Y., 1962.
Vgl. ook, Green, F., a.w. p. 16.

- 24) Brierly, J. L., *The Basis of Obligation in the International law*, Selections Lauterpach, Clarendon Press, Oxford, 1958, p. 11 e.v.
- 25) Publikasies Permanente Hof, Reeks A, Vonnis No. 10, bl. 18.
- 26) Oppenheim, L., *International Law*, Vol. I, N.Y., 1905, p. 14—19.
Jellinek — *Gesetz und Verordnung*, (heruitgawe Lauterpach, 1955), Freiburg I Br. 1887, Neudr., Tübingen, 1919, p. 147.
- 27) Triepel, H., *Droit international et droit interne*, vertaal R. Brunet, *Völkerecht und Landesrecht*, Oxford, 1920, p. 78.
- 28) Sien Francois, J. P. A., *Grondlijnen van het Volkenrecht*, Zwolle, 1954.
- 29) Kelsen, H., *Principles of International Law*, Revised by Tucker, R. W., Holt and Rinehart, N.Y., 1966.
- 30) Homeros, *Ilias*, 9de Boek, Ajax, Odysseus en Phoenix op 'n sending om Achilles te versoen.
- 31) De Falsa Legationi Vgl. Nicolson, H., *Diplomacy*, Oxford P. Press, 2de druk, 1950.
- 32) Mattingly, G., *Renaissance Diplomacy*, London, 1954.
- 33) Spengler, O., *Decline of the West*, 2 Vols., Knopf, N.Y., 1939.
- 34) Toynbee, A. J., *The Study of History*, 12 vols., Oxford, 1935—1961.
Toynbee, A. J., *The Study of History, Abridgement* Sommervell, Oxford, 1947.
- 35) Sorokin, P., *Explorations in Altruistic Love and Behaviour*, Beacon, Boston, 1950.
Sorokin, P., *Social and Cultural Dynamics*, N.Y., 1941.
- 36) Marx, K., *Das Kapital*, Hersg. von Karl Kautsky, 4de Unveränderte Auflage, Dietz, Stuttgart, 1921.

